

Die Kerklied in Suid-Afrika

deur Dr. G. G. CILLIÉ, Jr.

IN verband met die musiek by geleentheid van ons erediens en godsdienstige samekomste hoor ons dikwels mense praat van „kerkmusiek” en van „gewyde musiek”. Die twee terme word meestal deurmekaar gebruik, en ek glo nie dat iemand al probeer het om in Afrikaans hul betekenis nader te omlin nie. Kerkmusiek is musiek wat in die kerk gebruik word — vir die gemeentelike sang, vir koorsang, vir solo's of vir instrumentale musiek. Gewyde musiek, weer, is musiek met 'n gewyde strekking, waarin die komponis probeer om 'n godsdienstige toestand van sy gemoed te vertolk of om 'n godsdienstige gevoel by sy luisteraars op te wek.

Dit spreek vanself dat nie alle kerkmusiek gewyde musiek is nie. Ek wil nie eens praat van orreliste wat Liszt se *Liebestraum* of Lemare se *Andantino* (beter bekend as *Moonlight and Roses*) tydens die erediens speel nie. Dit is musiek wat gekomponeer is om 'n mens se sentimentele gevoelens te prikkel en wat deur die gebruik sulke bepaald nie-gewyde assosiasies gekry het dat dit onder geen omstandighede as gewyde musiek bestempel kan word nie. Dit hoort ook nie in die erediens tuis nie.

Maar selfs ons ou Psalmwysies, dié wat in die sestiende eeu deur Louis Bourgeois en Maître Pierre verwerk is vir die Psalmberymings van Marot en De Bèze en wat ons vandag nog sing, was nie almal gewyde in oorsprong nie. Byvoorbeeld die bekende wysie van Ps. 42, „t Hijgend hert der jacht ont-komen,” is 'n melodie wat Bourgeois verwerk het uit 'n jaglied van koning Hendrik II. Die bekende wysie van Ps. 134 (dié word ook vir Ps. 100 gebruik) het Bourgeois weer verwerk uit 'n baie ligte volksliedjie van sy tyd, waarvan die eerste reël gelui het: „Daar's nie een hier sonder sy noontjie nie.” Die veranderings wat Bourgeois en Maître Pierre in die volkswysies aangebring het, was so meesterlik dat hulle met-eens, afgesien van die woorde waarby hulle gebruik is, 'n gewyde karakter gekry het. Verder het hulle deur die gebruik gedurende die afgelopen vier eeue so 'n beslis godsdienstige assosiasie gekry dat niemand vandag meer hul gewyde karakter sal betwyfel nie. Hulle vorm ook modelle van kerkliedere wat deur enige komponis nage-streef kan word.

Ook onder ons Gesangwysies is daar 'n aantal wat nie oorspronklik gewyde musiek was nie. Seker die plegtigste van alle wysies in ons Psalm- en Gesangboek is dié van Ges. 123, „Is dat, is dat mijn Koning.” Dit is by uitstek die lied oor die lyding van Christus. Die grootste komponis van die Protestantse Kerk — en seker die grootste komponis wat ooit geleef het — Johann Sebastian Bach, het hierdie wysie vyf maal gebruik in sy werk oor die lyding van Christus, die Mattheuspassie. Dit vorm die goue draad wat dwars-deur hierdie werk loop. En tog is hierdie wysie, wat vir Bach en sovele na hom so diep aangegryp het, nie gewyde van oorsprong nie. Hans Leo Hassler het dit in 1601 gekomponeer vir 'n minneliedjie. In 1613, 'n jaar na sy dood, is dit gebruik vir 'n geestelike lied, „Herzlich tut mich verlangen.” Later eers het die bekende Duitse

gesangedigter, Paul Gerhardt, sy woorde, „O Haupt voll Blut und Wunden,” vir Hassler se wysie gedig. Vandag is hierdie wysie in alle Protestantse kerke 'n juweel onder die kerkliedere.

Uit die bogenoemde voorbeelde sien ons dat daar vandag musiek is wat nieteenstaande sy wêreldlike oorsprong tog kerkmusiek geword en 'n gewyde karakter verkry het deur assosiasie en gebruik. Ek noem net terloops iets waarop prof. C. G. S. de Villiers in 'n reeks *Huisgenoot*-artikels oor ons Psalms en Gesange gewys het, nl. dat daar voor die 17de eeu so min verskil tussen gewyde en wêreldlike musiek was dat dit niemand hoef te skok of te verbaas om te verneem dat wêreldlike wysies diens moes doen vir ons Psalms en Gesange nie. Buitendien, die wêreldlike liedjies waaruit die Psalm- en Gesangwysies ontstaan het, bestaan vandag nie meer nie, en in die praktyk kan niemand meer die wysies assosieer met nie-gewyde liedjies nie.

Is al die liedere wat vandag in ons kerke gehoor word kerkmusiek? Ongelukkig nie. Maar voordat ek spesiale voorbeelde noem, wil ek eers probeer om vas te stel hoe 'n mens kan beoordeel wat kerkmusiek is en wat nie. Dit is nie so maklik nie. Terwyl dit maklik is om die karakter van 'n gedig te bepaal, byvoorbeeld of dit gewyde is al dan nie, is dit nie maklik om in grensgevallen te besluit of die melodie van 'n lied in 'n kerkdiens tuishoort of nie. Smaak ten opsigte van musiek verskil as gevolg van die feit dat een persoon musikaal meer ontwikkel is as 'n ander. Verder speel die gewoonte ook 'n groot rol. Iemand wat in die Sondagskool gewoond was om gewyde woorde op 'n oppervlakkige wysie te sing, sal dit nie skokkend vind as die predikant daardie lied opgee tydens 'n Sondagandiens nie.

Die kerkhervormer Calvin het hom eenmaal uitgelaat oor die eise wat ons mag stel aan die ware kerklied. Hy het gesê dat die kerklied die karakter moet dra van 'n gebed, 'n gesonge gebed. Dit moet verhewe wees, want dit word aangehef in die teenwoordigheid van God en sy engele. Daarom is dit nodig dat die kerklied gekenmerk word deur statigheid en majesté — „Poids et majesté.” Soos hy dit in Frans gestel het. Dis 'n lied wat God self ons op die lippe lê. Verder moet dit 'n lied wees nie oor nie, maar tot God, wat gedra word deur Gods gees, statig en vol majesté. In eenvoudige taal sou ons kon sê dat Calvin se eis aan die ware kerklied is dat dit verhewe sal wees in alle opsigte en niks banaals of oppervlakkigs sal bevat nie, in die gedig g'n banale woorde of gedagtes en in die musiek g'n oppervlakkige melodie of ritme nie. Ek het nérens 'n mooier uiteensetting van die eienskappe van die ideale kerklied teengekom nie. En as ons nou die liedere wat in ons kerke gehoor word, hieraan sou toets, hoeveel sal nie helaas ver te kort skiet nie!

Ons Afrikaanse kerke was tot dusver nog taamlik gelukkig om ons Psalm- en Gesangboek officieel vry te hou van minderwaardige musiek. In die praktyk word in baie gemeentes 'n baie growwe oortreding begaan teen ons verhewe kerklied deur Ges. 12 op die

sogenaamde „liederwys” te sing, in stede van op die melodie van Ps. 66. In stede daarvan om die goedheid van die Heer te loof met die statige en majestueuse melodie van Ps. 66, verkies baie gemeentes die skokkende liederwys, wat sy platvloerse karakter verraaai veral deur sy hoogs ongewyde ritme en die wyse waarop die melodie allere-hande spronge uitvoer. Dit is geen kerklied, en dit hoort nie in 'n kerkdiens tuis nie.

Ook die vry algemene gebruik om Ps. 130 — die kroon van ons Psalmbundel — in die kerk te laat sing op die sogenaamde „Voor-trekkerwysie,” is om 'n lied in die kerk in te bring wat geen kerklied is nie. Nie alleen pas die genoemde wysie glad nie by die woorde van die Psalm nie, maar dit skiet ver te kort aan ons ideaal vir die kerklied vanweë sy onwaardige ritme en die tekstuur van die melodie, wat aan die banale grens.

Ek is seker daarvan dat al die lesers sal toegee dat 'n wêreldlike liedjie gesing op die wysie van „Prijs den Heer” nog nie 'n gewyde of 'n kerklied is nie; m.a.w. die wysie kan nie die woorde gewyde maak nie. Die omgekeerde is ook waar. Al is die woorde van 'n lied ook hoe mooi verheve en gewyde, wanneer hulle op 'n wêreldse wysie gesing word, is dit nie 'n gewyde lied nie. Woorde en musiek moet aan dieselfde hoë eise voldoen voordat 'n lied 'n gewyde of 'n kerklied kan wees. Nou bevat ons Hallelujaboek 'n hele aantal wysies wat heeltemal wêreldse is. Nieteenstaande die woorde wat by hulle aangegee word, is hulle nog glad nie gewyde liedere nie. Daar is ook wysies in die boek wat miskien kan deurgaang as gewyde melodieë en wat deur die onderskeie komponiste met die beste bedoelings geskrywe is, maar wat so ver te kort skiet aan die ideaal van die ware kerklied dat hulle m.i. liever uit die kerkdiens geweerd moet word.

Weens gebrek aan ruimte kan ek hier net een voorbeeld behandel, nl. lied 289 in die Nuwe Halleluja (1938) — „Kloppend, kloppend! — Wie is daar?” (wysie van G. F. Root). Root het 'n groot hoeveelheden sogenaamde gewyde musiek produseer, byvoorbeeld 'n aantal kantates oor Bybelse onderwerpe. Hy verteenwoordig egter 'n laagtepunt in die gewyde komposisie wat nie maklik oorskry kan word nie. Hierdie liedjie is van sy beste wat ek al tegeekom het, maar dit beteken nog nie veel nie. Om die prentjie van die kloppende en wagtende Heiland in die musiek te weerspieël, gebruik Root 'n onderbroke ritme, twee kort opeenvolgende note gevolg deur 'n rus. Aan die einde van die tweede reël is daar drie kortaf (staccato) note vir die woord „wonderbaar,” seker om verbasing weer te gee. Sulke naïef-dramatiese toertjies in die musiek is slegs geoorloof wanneer die komponis aksieliedjies skrywe vir die kindertuin of wanneer hy belaglik wil wees. Hierdie wysie sou byvoorbeeld heeltemal geskik wees vir 'n kinderliedjie waarin van 'n kat gesing word wat besig is om sy prooi te bekruip. Hoe skokkend dus om dit te gebruik vir 'n ernstige onderwerp. Ek het nog nooit gehoor dat iemand hierdie lied opgee nie, maar as een van my lesers ooit die drang voel om dit te doen, sal hy nie liever Ges. 39 in die plek daarvan stel nie, waar dieselfde idee vertolk



Die Skrywer

word deur verheve en waardige musiek?

Ons Afrikaanse kerke is erfenegame, officieel altans, van 'n baie groot musiekskat, die Franse Hervormingsliedere (Psalms) en baie van die Duitse Protestantse kerkliedere (Gesange). Behalwe dat hulle 'n waardevolle godsdienstige erfenis uitmaak, is dit ons waardevolste kultuurbesit op musikale gebied. Maar wat doen ons met hierdie erfenis? As ons sien hoe dat ons Psalms en Gesange al swakker gesing en al hoe meer uit Sondagskole en Christelike byeenkomste — ja, uit die kerk self — verdring word deur die minderwaardige Engelse en Amerikaanse gewyde lied van die tweede helfte van die vorige eeu, dan kan ons nie anders sê as dat ons besig is om daardie erfenis kwyt te raak nie.

Diegene wat probeer om die belangstelling van ons mense op te wek vir die Psalm- en Gesangwysies, is soms moedeloos en verbaas oor die louheid waarmee hulle bejeën word. Gelukkig is die Afrikaners nie sonder talent op musikale gebied nie, en ons moet dus maar aanhou met ons propaganda en aanhou met aanspoor dat mense die Psalms en Gesange meer moet sing, in die huis, in die dag- en Sondagskool, op byeenkomste en in die kerk. Miskien sal die oë van ons volk nog eendag opgaan vir die krag en skoonheid van hierdie melodieë.

Die vraag word soms gestel of dit nie sou help om die oorspronklike ritme van die Psalms te herstel nie. In die Franse Protestantse kerk is die note nie met gelyke tydwaardes gesing nie. Die lengtes van die verskillende note moes inpas by die ritme van die Franse woorde. Vandag kan mense nie meer musiek sing wat nie in mate verdeel is nie, en dit is onmoontlik om die oorspronklike Franse ritme by mate in te pas. Met die vertaling in Neder-

lânds was die note reeds almal ewe lank, en so het ons die melodieë van Nederland gekry. Dit is waar dat ritmiese sang die Psalms kragtiger en meer interessant sou maak, maar die beste wat ons in hierdie rigting kan doen, is om die sogenaamde „kort en lang note” te gebruik, soos in die Gereformeerde Kerk reeds gedoen word. Die lang en die kort note stem nie altyd ooreen met die beklemtoonde en onbeklemtoonde lettergrepe nie, en daarom kan ons nie praat van ritmies sing nie. Die ongelyke nootwaardes verleen 'n krag aan die lied wat dit voorheen nie gehad het nie. Die statigheid van die ou melodieë hoef ook nie daardeur aangetas te word nie. Ek maak hierdie bewerings omtrent die kort en lang note uit die ondervinding, want hulle was vir 'n aantal jare lank in gebruik in die Stellenbosse gemeente, waar ek opgegroeï het. Dit was 'n groot verlies toe dit afgeskaf is.

'n Nederlandse skrywer het eenmaal van die lofliedere in ons Psalm- en Gesangbundel geskrywe: „De gereformeerde lofzeggung is stoer en krachtig, plectig en ingehouden, soms bijna somber, komende uit die groote verdrukking, maar daarom des te inniger en sterker.” Wie dink hier nie aan melodieë soos dié van Ps. 24, Ps. 65, Ps. 68, Ps. 86, Ps. 99, Ps. 103, Ps. 138 en Ges. 38 nie, sommige waarvan reeds baie onbekend is by ons kerkgaande publiek. Maar al laat die melodieë ons koud, het ons die reg om hulle vir die nageslag verlore te laat gaan? 'n Franse skrywer het bo-aan sy liederbundel die woorde geskrywe, „A nos fils, en souvenir de nos pères” (Aan ons kinders, 'n erfenis van ons vaders). Sal ons geslag daartoe kom om te besef die verantwoordelijkheid wat hierdie woorde op ons lê met betrekking tot ons Psalm- en Gesangwysies?